

Donderdag **28 Maart**

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:6-12

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:11 (AFR83/2020)

Lewe dankbaar volgens God se wil

Dwaalleraars, ook genoem antichriste, het ontken dat Jesus regtig mens geword het om vir ons sondes te sterf (2:18-27; 4:1-6). Hulle het die volgende leerstellings verkondig:

- Net sekere intellektuele mense besit die ware kennis van God en van bevryding.
- Hierdie mense doen nie sonde nie.
- Die skepping en die menslike liggaam is sleg en deel van die werk van Satan.
- Daarom kon Jesus nie werklik mens geword het nie, werklik gesterf en werklik opgestaan het uit die dood nie.

Ook in ons tyd is daar dwaalleer oor Jesus. Baie mense meen dat Jesus net 'n gewone mens was en dat sy dood en opstanding uit die dood net stories is.

Jesus is God (Joh. 1:1-14). Jesus het ook ten volle mens geword. Die water en die bloed en die Heilige Gees getuig dit aan ons dat Jesus mens geword het om vir die sondes van mense te sterf. Toe Jesus gedoop is met die water, het Hy die sondes van die wêreld op Hom geneem om dit te dra en in ons plek daarvoor te sterf. Die loon van die sonde is die dood. En die bloed aan die kruis op Golgota bewys dat Jesus ware mens was. So was Johannes ook 'n ooggetuie van die water en die bloed wat uit Jesus se liggaam gevloei het toe die soldaat die spies in sy sy gedruk het. Daar is geen twyfel dat ons Verlosser ware God en ware mens is nie. Dit is God se getuienis wat ons in dankbaarheid aanvaar. Deur Jesus Christus, die Seun van God, ontvang ons die ewige lewe. Na liggaam en siel het Hy ons verlos. Erken en bely jou sonde. Weet dat Jesus jou Verlosser is. Lewe dankbaar volgens God se wil.

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. HW (Hennie) Schutte (Wesrand)